**HTS Teologiese Studies/Theological Studies**
ISSN: (Online) 2072-8050, (Print) 0259-9422



# Die waarde van Philipp Melanchthon se beskouing oor die verhouding tussen teologie en filosofie

**Author:**
Ignatius W.C. van Wyk[1]

**Affiliation:**
[1]Department of Religion Studies, Faculty of Theology, University of Pretoria, Pretoria, South Africa

**Corresponding author:**
Ignatius van Wyk,
natievanwyk123@gmail.com

**Dates:**
Received: 17 Sept. 2024
Accepted: 13 Jan. 2025
Published: 25 Feb. 2025

**How to cite this article:**
Van Wyk, I.W.C., 2025, 'Die waarde van Philipp Melanchthon se beskouing oor die verhouding tussen teologie en filosofie', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 81(1), a10237. https://doi.org/10.4102/hts.v81i1.10237

**Copyright:**
© 2025. The Authors. Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

**Read online:**
Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

**The value of Philipp Melanchthon's view of the relationship between theology and philosophy.** The article starts with a brief biographical overview of Melanchthon's life and work. His theological understanding is examined through two articles, published for the first time in 2023 in which he elucidates the meaning of theology and the role of preaching from rhetorical and dialectical perspectives. The third section explores the relationship between theology and philosophy. His early commentaries on Romans (1520) and Colossians (1527) reveal his critical stance towards the scholastic tradition. He argues that theology and philosophy should be distinguished, asserting that philosophy (as represented by Aristotle) cannot substitute the teachings of Paul. Theology, he contends, is not merely philosophical ethics. The distinction between theology and philosophy is further elaborated by examining the question of God. Whilst theology seeks to inspire prayer to God, philosophy aims to foster knowledge of God. The fourth section discusses the concept of *Bildung* [education and development] as the place where theology and philosophy can collaborate. The final section offers practical recommendations for how Akademia can contribute to *Bildung* in South Africa.

**Contribution:** This article advances the ongoing discourse on the relationship between theology and philosophy, addressing the associated challenges of development and education.

**Keywords:** Aristotle; Bildung; God; Paul; prayer; theology; philosophy.

## Inleiding

Die lesing[1] handel oor Philipp Melanchthon se bydrae tot die teologie, die filosofie en die algemene intellektuele, kulturele en morele vorming en ontwikkeling [*Bildung*] van die Protestantse deel van die Duitse volk. Sy bydraes van 500 jaar gelede kan moontlik rigtinggewend wees vir die uitdagings van vandag. Ek vertrou dat die uiteensetting van die onderwerpe gedagtes sal ontlok wat vir Akademia en die N.P. van Wyk Louw-Sentrum van waarde kan wees.

### 'n Kort biografiese oorsig

Philipp Melanchthon (1497–1560) het die eerste 11 jaar van sy lewe tuisonderrig ontvang. In 1508 en 1509 woon hy die Latynskool van Pforzheim naby Heidelberg by, waar sy belangstelling in Latyn en Grieks tot stand gekom het. Op 14 Oktober 1509 skryf hy by die Universiteit van Heidelberg in vir die algemene voorstudie.[2] Op 10 Junie 1511 verwerf hy die Baccalaureus Artium *in via antiqua* op die ouderdom van 14. In dieselfde jaar publiseer hy ook sy eerste Latynse digbundel. Op 17 September 1512 skryf hy by die Universiteit van Tübingen in vir sy Magister-studie in Grieks. Op 25 Januarie 1514 verwerf hy die graad Magister Artium (Grieks) op die ouderdom van 17. Die volgende vier jaar werk hy as privaat dosent[3] aan Tübingen en publiseer in 1518 sy eerste Griekse grammatika, *Institutiones Graecae grammaticae*. Op 28 Augustus 1518 lewer hy sy intreerede as professor in Grieks (Melanchthon [1518] 2011e) aan die jong Universiteit van Wittenberg (gestig 1502). Hierdie intreerede was die aanvang van radikale veranderings aan

1. Voordrag by die Teologie en Filosofie-Konferensie van die NP van Wyk Louw-Sentrum, Akademia op 22 Julie 2024. Die voordrag-styl word behou.

2. Die algemene voorstudie (die *artes liberales*) het 2 jaar geduur en was verdeel tussen die *Trivium* (grammatika, dialektiek en retoriek met die hoofklem op die inoefening van die logika) en die *Quadrivium* (rekeningkunde, meetkunde, astrologie/astronomie en musiek). Melanchthon het in teenstelling met Luther die *via antiqua* (die tradisie vanaf Aristoteles, Albertus Magnus, Thomas van Aquinas en Duns Scotus; ook die realistiese tradisie genoem) bo die *via moderna* (die tradisie geskep deur Willem van Ockham; ook die nominalistiese tradisie genoem) as basiese rigting van oriëntasie verkies (vgl. Mundhenk 2017:26; Scheible 2016:18–24).

3. Melanchthon bestudeer in hierdie tyd die teologie, astronomie en wiskunde en doseer Aristoteles vanuit die Griekse oerteks aan die BA-studente. Sy projek om 'n nuwe Latynse vertaling van die *corpus Aristotelicum* te maak, kon ongelukkig nie afgehandel word nie (vgl. Lorenz 2010:48–49). In 1515 ontmoet hy Erasmus van Rotterdam in Basel danksy sy studentemaat, Johannes Oekolampadius. Só kon hy indirek meewerk aan die samestelling van die Griekse Nuwe Testament wat Luther gebruik het. In hierdie tyd het hy begin voorspraak maak om die *artes liberales* met geskiedenis en poësie uit te brei (vgl. Scheible 2016:27; Van Wyk 2022:4–5).

die leerplanne[4] van universiteite binne die invloedsfeer van die Protestantisme. Op 09 September 1519 behaal hy ook die graad Baccalaureus Biblicus, wat hom die gesag gegee het om lesings by die Fakulteit Teologie aan te bied.[5] Alhoewel hy nooit as predikant georden is nie, is hy in 1525 as voltydse dosent by die Fakulteit Teologie aangestel.

Melanchthon ([1519–1532] 2020a) het in 1519 begin om die Romeinebrief volledig vanuit die Grieks te interpreteer en het tot 1532 eksegetiese lesings oor Romeine aangebied. Die lesings van 1519–1520 sou die basis vorm van die *Loci communes* of *Die Grondbegrippe van die Teologie*[6] ([1521] 1997), wat as die eerste Protestantse 'dogmatiekhandboek' beskou word. Tot aan die einde van sy lewe het Melanchthon gereeld kommentare oor Bybelboeke gepubliseer. Sy kommentaar op Kolossense (1527) kry hier besondere aandag. Melanchthon (vgl. Dingel 2014) het ook in 1530 die eerste algemeen-erkende Protestantse belydenisskrif, die *Confessio Augustana* of Augsburgse Geloofsbelydenis, opgestel. Hy sou die hoofwoordvoerder van die Protestantisme teenoor die Rooms-Katolieke Kerk word, en word erken as die leiersfiguur van die vroeë Protestantisme. Resente navorsing stel voor dat die eerste Protestantse nagmaal, waaraan Melanchthon en die studente aan die einde van September 1521 deelgeneem het, eerder die beginpunt van die Reformasie was as 31 Oktober 1517 (Köpf 2010:18).

# Wat is teologie?

## Teologie is Skrifuitleg ter wille van die prediking

Volgens Melanchthon is teologie in wese die uitleg van die Skrif met die oog op die prediking van die evangelie. In die eerste uitgawe van sy *Retoriek* in 1519,[7] het hy aangetoon dat prediking nie sonder die insigte van die retoriek (as deel van die *artes liberalis* of die filosofie) kan klaarkom nie. Die argument is dus nie net dat 'n universiteit nie sonder godsdiens kan klaarkom nie, maar ook dat teologie nie sonder filosofiese vakke kan klaarkom nie. Vanuit die retoriese perspektief het die predikant, en dus die teologie, drie basiese take: om die kern van die Christelike godsdiens te verduidelik; om mense te oortuig om aan die Christelike geloof vas te hou; en om mense te vermaan om volgens Christelike etiese beginsels te leef. Melanchthon ([1529] 2023b:151) betreur die neiging om net op morele vermanings te fokus, terwyl die leerprediking die primêre fokus behoort te wees. Predikante verval in morele prediking deur bloot filosofiese moraliteit te bevorder wat, volgens hom, makliker is as die diepere etiek van die Nuwe Testament.

Melanchthon waarsku ook vanuit sy retoriese vakkennis teen die gebruik van 'lofrede' as 'n *Gattung* ['n aanvaarbare gestalte van] vir die homiletiek. Om die lof van mense (vanaf Maria tot by 'n bekeerling) in die prediking te besing, ondergrawe Christus se weldade en verlaag die erediens tot 'n geleentheid om te spog. Die hooftaak van die prediking is om te definieer, te verduidelik en te vertroos; en hiervoor is vaardigheid in die dialektiek noodsaaklik. Sonder filosofiese dialektiek, aldus Melanchthon ([1529] 2023b:152–156), is verantwoordelike leerprediking onmoontlik.

Soos vroeër genoem, het Melanchthon reeds in sy intreerede aangedring dat die Bybel vanuit die grondtale, Hebreeus en Grieks, bestudeer moet word. Sy bydrae tot die teologie stuit egter nie net by taalkunde en eksegese nie; hy was ook die grondlegger van Protestantse hermeneutiek. Hy het benadruk dat bybelse tekste binne groter kontekste verstaan en uitgelê moet word. Bybelboeke moet as 'n geheel bestudeer word, en 'n boek soos Romeine moet binne die raamwerk van die evangelie verstaan word. Dit is die enigste wyse waarop die Christelike godsdiens verstaanbaar uitgelê kan word. Aan die hand van die hooftemas[8] van die Bybel, soos sonde, verlossing en 'n spesifieke lewenswyse, moet die Bybelboeke en hulle hoofstukke verklaar word. Hierdie benadering vorm die basis vir gesprekvoering met die filosofie en ander wetenskappe.

Dit behoort duidelik te wees dat Melanchthon die filosofie hoog aangeskryf en self 'n belangrike bydrae tot die bestudering daarvan gelewer het. As rasionele wese is die mens geroepe om sy wêreld te verstaan deur wetenskaplike studie wat saamgevat word onder die naam 'filosofie'.[9] Filosofie is by uitstek die wetenskap van taal, natuur en sedes, wat van die skeppingsgawe van die menslike rede gebruik maak. Begrip, verstaan en morele oordeel is die uitdagings van menslike nadenke en navorsing, en is nie in alle opsigte van die geloof en die teologie afhanklik nie. Hoewel geloof en teologie gedagtes tot nadenke kan stimuleer, dra kerklike leerstellings weinig tot niks tot die wetenskaplike domein by nie. Die skeiding tussen geloof en filosofie as twee aparte vakgebiede, benadeel nie die mens en samelewing nie, maar verryk eerder die menslike bestaan. Tog het Melanchthon 'n deurlopende dialoog tussen teologie en filosofie bepleit, sodat daar met denke geglo en met geloof gedink kan word (vgl. Jung 2011).

Melanchthon het reeds vroeg in sy loopbaan met die Roomse skolastiek gebreek. Die primêre rede was die Roomse teologiese metode wat teologie afhanklik gemaak het van filosofiese etiek – spesifiek dié van Aristoteles. In sy

4. Op grond van sy intreerede is geskiedenis en poësie in Wittenberg en Jena tot die 'oorbruggingsonderwys' bygevoeg vóór die spesialisasie in teologie, medies, regte of een van die ander wetenskappe van daardie tyd. Geskiedenis was om twee redes belangrik: eerstens, die voorbeelde van goeie moraliteit; en tweedens, die bestudering van die grondlegging van die onderskeie wetenskappe. Danksy Melanchthon het Grieks en Hebreeus 'n voorvereiste van teologiese studies geword.

5. Melanchthon het egter sedert sy aankoms in Wittenberg in 1518 lesings in Nuwe Testament vanuit die Griekse tekste aangebied. Hy (Melanchthon 2011e:62) het tydens sy intreerede aangekondig dat hy met die Titus-brief sou begin. Hy wou hierdie brief gebruik as basis vir sy lesings in Grieks.

6. Die volledige titel is, *Loci communes rerum theologicarum seu hypotyposes theologicae* [Die grondbegrippe van die teologie of teologiese sketse] (vgl. Van Wyk 2022:12 vir die vertalingsprobleme).

7. Die eerste uitgawe van Melanchthon se *Retoriek* in 1519 (finale weergawe in 1542), het 'n hoofstuk oor die teologiese homiletiek bevat wat in 1535 as 'n selfstandige boek gepubliseer is onder die titel, *De sacris concionibus* [Oor die heilige prediking] (vgl. Van Wyk 2022:230–236).

8. Die hooftemas van die teologie word saamgevat in die belydenisse (waarvan die Niceense Geloofsbelydenis die belangrikste is), die konfessionele belydenisskrifte soos die Augsburgse Geloofsbelydenis en selfs die Onse Vader-gebed ([1552] 2023a:162–175).

9. Melanchthon het vakgebiede soos fisika (vgl. onder andere sy handboek, *Initia Doctrinae Physicae* – 1549), astrologie en astronomie as afdelings van 'filosofie' verstaan (vgl. Bihlmaier 2017).

(Melanchthon [1520] 2020b) 'Rede über die Lehre des heiligen Paulus' ['Voordrag oor die leer van die heilige Paulus'],[10] het hy aangevoer dat die skolastiek die stem van Paulus uit die debat verwyder het, en daarmee saam die geloof in Jesus Christus. Die skolastiek het in Jesus slegs 'n morele ideaal gesien en sy lewensbydrae tot die goeie lewenshandel beperk.[11] Aangesien Jesus se etiek nie oral beïndruk en verstaan word nie, moet die hulp van Aristoteles ingeroep word om die kerklike moraal aanvaarbaar en verstaanbaar te maak. Melanchthon het hierdie benadering as die begin van die einde van teologie beskou. Melanchthon ([1520] 2020b) het daarom die volgende voorgestel:

> Om Christus te ken, beteken om nie slegs aan sy deugde vas te hou nie, maar om met 'n dankbare gemoed aan sy weldaad vas te hou, wat die hemelse Vader, deur Hom, oor die ganse aarde uitgestort het, en wat die verskil tussen heidendom en Christendom aandui. (p. 35 [*outeur se vertaling*])

Melanchthon se beswaar teen die gebruik van Aristoteles in die teologie is dat hierdie filosoof deugsaamheid as geluksaligheid verstaan. Melanchthon het groot waardering vir Aristoteles se klem op deugsaamheid gehad, maar benadruk dat dit geen toevlug vir 'n skuldige gewete bied nie. 'Christus se filosofie' bied die antwoord op menslike skuld. Melanchthon (vgl. [1520] 2020b:46–49) het beklemtoon dat ware moraliteit 'n gawe van die Heilige Gees is, aangesien slegs die vernuwende werking van die Gees die hoogste deug, naamlik liefde kan voortbring.

## Die tweede besinning oor die verhouding tussen teologie en filosofie

Melanchthon ([1527] 1989) het 7 jaar later, in sy *Scholia in Epistolam Pauli ad Colossenses* [Ekskursies oor Paulus se brief aan die Kolossense], sy tweede besinning oor die verhouding tussen teologie en filosofie aangebied. In die middelpunt van die bespreking staan Kolossense 2:8: 'Pasop dat niemand julle meevoer deur 'n filosofie en leë bedrieëry, wat gegrond is op menslike tradisie en teorieë oor die kosmiese elemente, en nie op Christus nie.' Melanchthon se bedoeling was om die selfstandigheid van die teologie teenoor die filosofie te beklemtoon. Terselfdertyd het hy die belangrikheid van die filosofie erken, maar ook op die grense daarvan gewys. Hy gebruik die debat oor die onderskeid tussen twee tipes geregtigheid, naamlik die geregtigheid van die geloof en die geregtigheid van die menslike denke en handeling. Melanchthon beklemtoon dat die menslike rede, en dus die filosofie (en alle wetenskappe) ''n egte en goeie skepping van God is'. Die rasionele oordeelvermoë wat God aan die mens skenk, moet aangewend word om die natuur- en sosiale fenomene te verklaar en te verstaan. Die rede en filosofie is betroubare instrumente om die waarheid van die skepping te ontrafel en die uitdagings van die etiek te oorkom (Rom 2:15). Wanneer Paulus waarsku teen die filosofie, spreek hy nie kritiek uit op die menslike gebruik van sy Godgegewe rede en die wetenskappe nie.

Melanchthon stel ([1527] 1989):

> Aangesien alle kunste en wetenskappe wat deur God aan ons gebied word, sy gawes is, en ten regte ook só genoem moet word, is [*die wetenskappe*] 'n uitdrukking van eerbied vir God, en verdien daarom om beoefen en geleer te word, in plaas daarvan om dit te verag. Soos ek alreeds gestel het, moet 'n mens daaroor duidelikheid hê, dat die leer oor die verskynsels van hierdie wêreld, niks met die dogmas van die godsdiens te make het nie. (p. 36 [*outeur se vertaling*])

Die feit dat die filosofie (en dus die wetenskappe) niks met kerklike leerstellings te make het nie, beteken nie dat Christene dit negatief moet beoordeel nie. Trouens, Christene en die teologie moet die filosofie (as versamelnaam vir die wetenskappe) hoog ag en die resultate van die navorsing met dankbaarheid aanvaar, aangesien dit as 'n geheel tot beter gesondheid, voedselproduksie en geregtigheid in die wêreld bydra.

Die filosofie (die wetenskappe) het egter ook grense. Dit kan nie finale uitsprake oor die geldigheid van kerklike leerstellings maak nie. Melanchthon ([1527] 1989:52–64) noem drie voorbeelde:

Eerstens, filosowe oordeel dat daar nie 'n God kan wees wat die wêreld beheer nie, aangesien daar te veel natuurrampe en mensgemaakte katastrofes voorkom. Daar is geen bewyse dat 'n goeie God se wil die wêreldgeskiedenis lei nie. Volgens Melanchthon word God se wil in sy Woord (o.a. Matt 6; Joh 5; Kol 1), op grond van die werking van die Heilige Gees, ontdek.

Tweedens, filosowe maak die fout om te meen dat wêreldse geregtigheid ook geregtigheid voor God kan wees. Geregtigheid voor God is geloofsgeregtigheid wat op grond van God se genade in en deur Jesus Christus aan gelowiges geskenk word. Hoe noodsaaklik en belangrik sosiale geregtigheid ook mag wees, dit dra niks by tot die regverdigverklaring deur God nie.

Derdens, filosofie kan wel bydra om maatskaplike euwels, onreg en ongeregtigheid te bestry, maar dit lewer geen bydrae tot die verlossing van sonde nie. Sonde hou verband met die skeiding van God waaraan almal skuldig is. Geen mens het die vermoë om nie te sondig nie, en daarom is God se geregtigheid die enigste weg uit die sonde. Hierin stel die filosofie nie belang nie, en daarom verteenwoordig die teologie en die filosofie twee tipes geregtigheid, en gevolglik, twee tipes kennis en waarheid. Hierdie onderskeid impliseer geensins vyandigheid nie. Net soos die teoloog nie verantwoordelik kan teologiseer sonder filosofie nie, sal dit vir die filosoof dwaas wees om hom totaal van die teologie te distansieer (vgl. Van Wyk 2022:196–198 vir volledigheid).

10. Vergelyk Van Wyk (2022:25) vir agtergrondinligting oor hierdie uitspraak.

11. Die jonge Melanchthon het Erasmus se idee van 'n 'Christelike filosofie' geken en ondersteun. Erasmus wou die tradisie van Clemens van Alexandrië, Johannes Chrysostomus en Augustinus laat herleef. Hy het egter die Christelike moraal nie as beperkend tot die stand van die priesters beskou nie, maar as 'n lewenswyse vir alle stande en klasse. Melanchthon het egter gou hiervan afstand gedoen en hom tot die 'Pauliniese filosofie' gewend, wat die Christelike godsdiens op die soteriologie toegespits het (vgl. Frank 2017:452–453).

## Die teologiese en filosofiese verstaan van God

Vir Melanchthon word die verhouding tussen teologie en filosofie duidelik geïllustreer deur sy verstaan van God. In die eerste uitgawe van die *Loci communes* het hy nie 'n aparte hoofstuk oor die Godsvraag ingesluit nie, aangesien die Romeinebrief nie tot so 'n vraag aanleiding gee nie. In die 1535-uitgawe van die *Algemene teologiese temas* (*Loci communes theologici*) het hy vir die eerste keer kortliks aan hierdie tema aandag gegee. In hierdie publikasie (Melanchthon [1535] 2019:33–55) lig hy die volgende perspektiewe uit waarby hy vir die res van sy loopbaan gestaan het: eerstens, oor God moet daar eerstens Christologies en trinitaries[12] gedink en gepraat word; tweedens, daar moet vanuit die perspektief van die eerste gebod oor God gepraat word; derdens, die aanspreekvorm van Jesus se gebed moet gerespekteer word; vierdens, daar moet in gesprek met filosowe oor God gepraat word; en vyfdens, erken hy dat daar wel spore van God in die natuur is, maar dat volledige kennis van God slegs in Christus gevind kan word.

Melanchthon tree in sy *Heubtartikel Christlicher Lere* [Hoofartikels van die Christelike leer] (1553) op 'n kategismusagtige wyse in gesprek met die filosofiese teologie van sy tyd. Hy (Melanchthon [1553] 2010:86) argumenteer dat die belangrikste vraag nie is hoe God geken kan word nie, maar hoekom daar tot God gebid moet word. Die menslike rede ken God (al is dit gebrekkig) as die Skepper van die heelal en as die wese wat die goeie beloon en die bose straf, maar tot hierdie 'God' kan daar nie troosvol gebid word nie (vgl. Melanchthon [1553] 2010:88–91). Sokrates, Plato, Aristoteles, Cicero en Cato is wel bewus van God, maar ken Hom nie as die God wat tot gebed uitnooi nie. Die 'God' wat beloon en straf (of eintlik die oortuiging dat die gang van die wêreldgeskiedenis op 'geregtigheid' berus), is 'n goeie filosofiese oortuiging, maar dit laat die mens aanhoudend wankel tussen geloof en ongeloof. Om troosvol[13] in 'n wêreld van ongeregtigheid te lewe, bied die Christelike teologie die sinvolle uitnodiging van gebed tot die barmhartige Vader aan.

In die laaste uitgawe (1559) van Melanchthon se *Loci praecipui theologici* [Belangrikste teologiese temas] het hy in die voorwoord aandag gegee aan die kennisteoretiese problematiek rakende die kennis van God. Melanchthon ([1559] 2018:10–16) betoog dat daar grondige verskille tussen filosofiese (veral in die gestalte van die natuurwetenskappe) en teologiese kennis bestaan. Hierdie verskille hou verband met metodiek. Filosofiese kennis berus op die bestudering van verskynsels (in al hulle vorms). Pogings word aangewend om die geheimenisse en samehang beter te leer ken en te verstaan. Vooruitgang in kennis is kenmerkend van hierdie metode. Deur noukeurige waarneming en bewysvoering kan kennisdoelwitte nagestreef en bereik word. In die kerklike leer is daar egter sprake van 'n ander tipe kennis, en word daar volgens Melanchthon ([1559] 2018):

> … slegs na [*Skriftuurlike*] inligting gesoek ... nie [*volgens*] daardie bewysvoerende metode nie. Die leer van die kerk put nie uit verklarings nie, maar uit woorde, wat God aan die mensdom in betroubare en duidelike getuienisse weergegee het, waarin Hy, danksy sy ondeurgrondelike goedheid, Homself en sy wil geopenbaar het. (p. 10, II, 14–18 [*outeur se vertaling*])

Melanchthon ([1559] 2018:10, II, 19–33) wys verder tereg daarop dat mense na sekerheid op soek is. In die filosofie (en die wetenskappe) berus sekerheid op algemene ervaring en hernude bewysvoering, terwyl sekerheid in die teologie op God se openbaring berus – soos saamgevat in die kerk se belydenisse. In die filosofie word daar op rasionele insig gesteun, terwyl die teologie op die waarmakende werk van die Heilige Gees steun. In die wetenskappe word onsekerheid in sekerheid omskep deur aanhoudende navorsing en bewysvoering, terwyl daar in die teologie slegs op voortgaande prediking onder leiding van die Heilige Gees staatgemaak kan word. Twyfel vorm die grondslag van die filosofie, terwyl die metode van die teologie op die sekerheid van die evangelie berus (vgl. Van Wyk 2022:93–97 vir 'n breër oorsig).

## '*Bildung*' die gemeenskaplike belang van teologie en filosofie

Die Duitse woord *Bildung* omskryf die intellektuele, geestelike, sosiale en sedelike opvoeding en vorming van individue en groepe. Melanchthon, die 'leermeester van Duitsland' ('*praeceptor Germmaniae*'),[14] is bekend as 'n universeelgeleerde wat 'n enorme bydrae tot die ontwikkeling en karaktervorming van die Duitse volk gelewer het. Hy was op 'n voortreflike wyse verantwoordelik vir die ontwikkeling van die Duitse universiteitswese[15] en skoolonderrig binne die Protestantse gebiede. Sonder Melanchthon sou die Protestantisme nie vanuit die staanspoor 'n 'ontwikkelingsbeweging' gewees het nie (vgl. Olbertz 2010).

*Bildung* was vir Melanchthon 'n belangrike saak, aangesien hy oortuig was dat die agteruitgang en verval van die kerk in sy tyd met die algemene agteruitgang van geletterdheid en ontwikkeldheid van die bevolking – maar veral van die priesters of predikante – verband gehou het (vgl. Asche 2010:77–78). Ek is oortuig dat die agteruitgang van die Afrikaanse kerke ook verband hou met die inploffing van ontwikkelings- en kennisvlakke – veral onder predikante of pastore. Die swak teologiese en liturgiese kennisvlakke dra by tot die self-sekularisering van die kerk – en só tot die ondergang daarvan. Melanchthon was oortuig dat 'vroomheid', 'geleerdheid' en 'deugdelikheid' die kerk weer op sy voete kon help – wat ook vir ons tyd geldig is!

12. Grosse (2022) se goed nagevorsde bydrae oor Melanchthon se trinitariese Godsbegrip is van groot waarde.

13. Melanchthon verstaan die teologiese wetenskap saamgevat onder drie begrippe, naamlik die bestudering van die dokumente uit die teologiegeskiedenis, die onderrig oor die kerklike belydenis en leer, en die aanbieding van troos. 'Troos' is die hoogste doel, grootste werk en die uiteindelike bedoeling van die teologie [*consolatio finis theologiae*] (Melanchthon [1553] 2010:13; vgl. Wriedt 2017:150–151).

14. In 1566 het Joachim Camerarius na Melanchthon as '*praeceptor*' verwys. Danksy die pedagoog, Karl Hartfelder, is daar eers in 1889 na hom as die '*praeceptor Germaniae*' begin verwys (vgl. Asche 2010:84).

15. Vanselfsprekend was *Bildung* nie totaal afwesig binne die Duitse gebiede nie. Melanchthon se groot bydrae lê daarin dat hy die vakgebiede oortuig het om weer die grondtrekke en basiese uitgangspunte (*Grundlagen*) van hulle studievelde te bestudeer (Wriedt 2017:153). Een aktuele voorbeeld: regsfakulteite sal goed doen om die grondtrekke van die Romeins-Hollandse Reg op 'n bevatlike wyse vir skoliere en die publiek aan te bied in die lig van die politieke aanslag teen hierdie regstradisie.

Melanchthon het akademiese bydraes tot byna elke vakgebied[16] van die laat-Middeleeue gelewer. Oor sy bydrae tot die teologie is daar alreeds baie gesê. Dit moet ook genoem word dat sy bydrae tot die filosofie ook besonder groot was.[17] Hans-Georg Gadamer beskryf hom as een van die belangrikste filosowe in die Duitse filosofiegeskiedenis (Frank 2017:451). Binne die beperkte tyd en ruimte van hierdie artikel word ’n paar impulse aangebied wat deur Akademia oorweeg kan word in die formulering van Melanchthon se vormingsideaal:

Eerstens, Melanchthon ([1523] 2011a), as professor in Grieks, was ’n taalkundige wat geglo het dat wetenskapsbeoefening en karaktervorming slegs op grond van ‘elegante taalvaardigheid’ moontlik is. Hierdie humanistiese ideaal is vandag onder Afrikaanssprekendes eweneens nodig. Die verswakkende taalvaardigheid onder die ‘volk’ ondermyn elke poging om Afrikaans as vaktaal te probeer red. Groter pogings moet aangewend word om taalgebruik te verbeter, en só denkvermoë te verruim en sedelikheid te verbeter!

Tweedens, naas al die pogings wat reeds bestaan, moet daar doelgerig verder gepoog word om die Westerse filosofiese tradisie aan die breë publiek bekend te stel. ’n Sentrum soos hierdie moet oorweeg om, onder andere, maklik leesbare leesstof[18] te produseer om Afrikaanssprekendes intellektueel te help vorm. Melanchthon het klem gelê op die noodsaaklikheid om skoolkinders aan die filosofie bloot te stel. Op ’n beskeie wyse sou Akademia ook in hierdie opsig ’n bydrae kon lewer.

Derdens, die teologie en die kerke moet die geleentheid gegun word om bydraes te lewer tot die akademiese aanbod. In plaas daarvan om te streef na ’n ‘Christelike universiteit’,[19] moet Akademia eerder geleenthede bied waar Christelik-teologiese menings en insigte met die universiteit en die gemeenskap gedeel kan word. Lesings en voordragte sou (dalk as interdepartementele of interfakultêre navorsing) gepubliseer kon word om die stem van die teologie, te midde van die godsdiensvyandigheid van ons tyd, hoorbaar te maak.[20] Teologiese bydraes moet op bybelse temas gefokus bly en nie aan die gesekulariseerde uitings van die Christendom ondergeskik raak nie.[21]

Vierdens, ’n teologiese instituut en/of sentrum (of ’n onderafdeling van ’n bestaande instituut en/of sentrum) kan dalk by Akademia gevestig word. Die wens uit talle kerklike kringe om ’n teologiefakulteit by Akademia te vestig, blyk op hierdie stadium nie haalbaar te wees nie. Akademia kan egter verseker dat goeie akademiese navorsing in Afrikaans gedoen en gepubliseer word. Populêr-wetenskaplike publikasies moet ook oorweeg word wat, onder andere, aan Afrikaanse skoliere beskikbaar gestel word.[22] Melanchthon het met groot ywer die geskiedenis van verskeie vakgebiede[23] bevorder en aangetoon dat vooruitgang in die meeste vakgebiede die bestudering van die geskiedenis van daardie vakgebied insluit. Korter publikasies oor temas uit die teologiegeskiedenis kan dalk tog hier en daar vir skoliere en jongmense van waarde wees.

## Slotwoord

Vir Melanchthon was *Bildung* die hooftaak van ’n universiteit. Elke vakgebied kan ’n bydrae tot hierdie taak lewer. Die tale, teologie en filosofie was, volgens hom, die vakgebiede wat by uitstek verantwoordelik was vir die opvoeding en vorming van Europeërs. Akademia en die N.P. van Wyk Louw-Sentrum sal in Melanchthon ’n belangrike stem vir hulle opvoedingstaak vind.


## Erkenning

### Mededingende belange

Die skrywer verklaar dat hy geen finansiële of persoonlike verbintenis het met enige party wat hom nadelig in die skryf van hierdie artikel kon beïnvloed het nie.

### Outersbydrae

I.W.v.W. verklaar dat hy die enigste outeur van hierdie artikel is.

### Etiese oorwegings

Hierdie artikel het alle etiese standaarde gevolg vir navorsing sonder direkte kontak met, en deelname van mense.

### Befondsing

Hierdie navorsing het geen spesifieke toekenning ontvang van enige befondsingsagentskap in die openbare, kommersiële of nie-winsgewende sektore nie.


16. Vergelyk Van Wyk (2022:229–236) se oorsig oor Melanchthon se belangrikste publikasies in die filosofie, teologie, regswese, mediese wetenskap, astrologie en astronomie, taalkunde, musiekwetenskap en talle ander vakgebiede.

17. Hier kan na drie invloedryke voordragte van Melanchthon verwys word: *De philosophia* [Voordrag oor die filosofie] ([1536] 2011c); *Oratio de vita Aristoteles* [Voordrag oor die lewe van Aristoteles] ([1537] 2011b); *De Platone* [Voordrag oor Plato] ([1538] 2011d).

18. Melanchthon was sedert sy Tübingen-jare by die druk van boeke, artikels, pamflette en vlugskrifte betrokke (vgl. Lorenz 2010). Hy het aan die begin van die boekdrukkuns gestaan, en ons binne die hoogbloei van die elektroniese media. Die verpligting om goeie teologiese en filosofiese leesstof te produseer, veral vir skoliere en jong predikante, rus ook op ons skouers.

19. Melanchthon en sy studente het verskeie universiteite en skole (vgl. Asche 2010:81 vir die lys) binne die Protestantse gebiede gestig, maar het, buiten miskien Marburg (ná sy dood), nie na hulle as ‘Christelike’ of ‘Protestantse’ universiteite verwys nie. Vanselfsprekend is teologiese fakulteite opgerig en is die Christelike teologie en godsdiens op veelvuldige wyses bevorder, maar die idee van ’n ‘Christelike universiteit’ het hulle nie geken nie. Melanchthon het die statute van die volgende universiteite opgestel: Marburg (1527), Tübingen (1536), Frankfurt (1540), Leipzig (1542), Königsberg (1544), Jena (1548), Rostock (1552), en Heidelberg (1557). By elkeen van hierdie universiteite het kerk en teologie ’n belangrike rol vervul; maar van ’n ‘Christelike universiteit’ was daar nie sprake nie (vgl. Wriedt 2017:145).

20. In ’n nuwe bydrae oor die *Bildungsauftrag* in Duitsland word gekla dat die stem van die teologie nie meer gehoor word nie. In die enkele gevalle waar dit nog geduld word, word gesekulariseerde weergawes van die Christendom aangebied wat die sentrale temas soos sonde ignoreer of belaglik maak (vgl. Sander 2024).

21. Teoloë in verskeie lande meen dat sentrale bybelse begrippe soos ‘sonde’ uit die teologiese aanbod gehaal moet word om die Christelike godsdiens meer aanvaarbaar te probeer maak. Hierdie benadering bring mee dat die teologie geen selfstandige bydrae meer kan maak nie (vgl. Weidhas 2024).

22. Melanchthon was verantwoordelik vir die stigting van verskeie skole in Duitsland (met die ondersteuning en samewerking van die kerk) wat veral daarin geslaag het om studente vir universiteitsonderrig voor te berei. Die ‘oorbruggingsonderwys’ van die skole onder Protestantse invloed, het skoliere nie net aan die teologie blootgestel nie (deur o.a. onderrig oor kerkmusiek), maar ook aan die filosofie wat in die *artes liberales* geleer is. Kinders is dus aan teologie sowel as filosofie blootgestel in die najaag van die vormings- en ontwikkelingsideale van die jong lidmate van die kerk (vgl. Asche 2010; Wriedt 2017).

23. Melanchthon het hom veral op die historiese navorsing van die regswetenskap (vgl. Van Wyk 2022:146–150) en die mediese wetenskap toegespits (vgl. Van Wyk 2022:200–205).

## Databeskikbaarheidsverklaring

Data-deling is nie van toepassing op hierdie artikel nie, aangesien geen nuwe data in hierdie studie geskep of ontleed is nie.

## Vrywaring

Die sienings en menings wat in hierdie artikel uitgedruk word, is dié van die outeur en weerspieël nie noodwendig die amptelike beleid of posisie van enige geaffilieerde agentskap van die outeur nie.

# Literatuurverwysings


Asche, M., 2010, 'Philipp Melanchthon als christlicher Schulhumanist und Bildungsreformer – Wittenberg und der Export des humanistischen Bildungsprogramms', in P*hilipp Melanchthon: Seine Bedeutung für Kirche und Theologie, Bildung und Wissenschaft*, F. Schweitzer, S. Lorenz & E. Seidl (Hrsg.), pp. 75–94, Neukirchener Verlag, Neukirchen-Vluyn.

Bihlmaier, S., 2017, 'Naturphilosophie', in G. Frank (Hrsg.), *Philipp Melanchthon: Der Reformator zwischen Glauben und Wissen. Ein Handbuch*, pp. 469–482, Walter de Gruyter, Berlin.

Dingel, I. (Hrsg.), 2014, 'Die Confessio Augustana, bearbeiteit von G. Seebaß und V. Leppin', in *Die Bekenntnisschriften der Evangelisch-Lutherischen Kirche*, Vollständige Neuedition, im Auftr. der Evangelischen Kirche in Deutschland (hrsg.), pp. 63-225, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen.

Frank, G., 2017, 'Zum Philosophiebegriff Melanchthons', in G. Frank (Hrsg.), *Philipp Melanchthon: Der Reformator zwischen Glauben und Wissen. Ein Handbuch*, pp. 451–456, Walter de Gruyter, Berlin.

Grosse, S., 2022, 'Melanchthons Wendung zur Trinitätslehre', in Theologiegeschichte als Dogmatik, Gesammelte Aufsätze – Band 1, pp. 99–125, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Jung, M., 2011, 'Philipp Melanchthon – Gebildeter Glaube', *Luther* 82(3), 150–162.

Köpf, U., 2010, 'Der Reformator Philipp Melanchthon', in *Philipp Melanchthon: Seine Bedeutung für Kirche und Theologie, Bildung und Wissenschaft*, F. Schweitzer, S. Lorenz & E. Seidl (Hrsg.), pp. 11–26, Neukirchener Verlag, Neukirchen-Vluyn.

Lorenz, S., 2010, 'Melanchthon in Tübingen: Zwischen Studia humaniora, Buchdruck und Burse', in *Philipp Melanchthon: Seine Bedeutung für Kirche und Theologie, Bildung und Wissenschaft*, F. Schweitzer, S. Lorenz & E. Seidl (Hrsg.), pp. 27–57, Neukirchener Verlag, Neukirchen-Vluyn.

Melanchthon. P., [1527] 1989, 'Scholia in Epistolam Pauli ad Colossenses / Philosophie – Theologie, Vernunft – Glaube' in, *Philipp Melanchthon. Glaube und Bildung: Texte zum christlichen Humanismus, Lateinisch / Deutsch*, Ausgewählt, übersetzt und herausgegeben von Günter Schmidt, pp. 34–65, Reclam Verlag, Stuttgart. (CR IV, 230–243).

Melanchthon, P., [1521] 1997, *Loci Communes*. *Lateinisch – Deutsch,* H.G. Pöhlmann (übers.), das Lutherische Kirchenamt der VELKD (Hrsg.), 2. Aufl., Gütersloher Verlagshaus, Gütersloh.

Melanchthon, P., [1553] 2010, *Heubtartikel Christlicher Lere,* Melanchthons deutsche Fassung seiner Loci Theologici, nach dem Autograph und dem Originaldruck von 1553, R. Jenett und J. Schilling (Hrsg.), 2. aktualisierte und ergänzte Ausg., Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Melanchthon, P., [1523] 2011a, 'Lob der Beredsamkeit / Encomium eloquentiae', in *Melanchthon deutsch. 1. Bd., Schule, und Universität, Philosophie, Geschichte und Politik,* M. Beyer, S. Rhein und G. Wartenberg (Hrsg.), pp. 68–95, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (CR 11, 50–66).

Melanchthon, P., [1537] 2011b, 'Rede über Aristoteles / Oratio de vita Aristotelis', in *Melanchthon deutsch. 1. Bd., Schule, und Universität, Philosophie, Geschichte und Politik,* M. Beyer, S. Rhein und G. Wartenberg (Hrsg.), pp. 162–174, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (CR II, 342–349).

Melanchthon, P., [1536] 2011c, 'Rede über die Philosophie / De philosophia', in *Melanchthon deutsch. 1. Bd., Schule, und Universität, Philosophie, Geschichte und Politik,* M. Beyer, S. Rhein und G. Wartenberg (Hrsg.), pp. 131–141, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (CR II, 278–284).

Melanchthon, P., [1538] 2011d, 'Rede über Platon / De Platone', in *Melanchthon deutsch. 1. Bd., Schule, und Universität, Philosophie, Geschichte und Politik,* M. Beyer, S. Rhein und G. Wartenberg (Hrsg.), pp. 142–161, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (CR II, 413–425).

Melanchthon, P., [1518] 2011e, 'Wittenberger Antrittsrede / De corrigendis adolescentiae studiis', in *Melanchthon deutsch. 1. Bd., Schule, und Universität, Philosophie, Geschichte und Politik,* M. Beyer, S. Rhein und G. Wartenberg (Hrsg.), pp. 45–67, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (CR 11, 15–25).

Melanchthon, P., [1559] 2018, *Loci praecipui theologici nunc denuo cura et diligentia summa recogniti multisque in locis copiose illustrati 1559, Lateinisch – Deutsch, 1. Bd.,* P. Litwan, S. Grosse und F. Becher-Häusermann (Hrsg.), Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Melanchthon, P., [1535] 2019, *Common theological topics / Loci communes theologici recently compiled and revisited by Philip Melanchthon*, transl. by P. Rydecki, Repristination Press, Malone, Texas, TX.

Melanchthon, P., [1519–1532] 2020a, *Melanchthon deutsch. 5. Bd., Melanchthons Römerbriefauslegung 1519 bis 1532,* M. Beyer, C. Dometera–Schleichardt und A. Kohnle (Hrsg.), Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Melanchthon, P., [1520] 2020b, 'Rede über die Lehre des heiligen Paulus / *Declamatiuncula in divi Pauli doctrinam – In divi Pauli festum diem'*, in *Melanchthon deutsch. 5. Bd., Melanchthons Römerbriefauslegung 1519 bis 1532,* M. Beyer, C. Dometera–Schleichardt und A. Kohnle (Hrsg.), pp. 29–50, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (VD16 ZV 30403; Claus 1520.2.1).

Melanchthon, P., [1552] 2023a, 'Anweisungen zur Predigtarbeit', in *Melanchthon deutsch. VII. Bd., Aus Melanchthons Alltag,* M. Beyer, C. Domtera-Schleichardt, A. Kohnle und S. Rhein (Hrsg.), pp. 161–182, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Melanchthon, P., [1529] 2023b, 'Aufgaben des Predigers', in *Melanchthon deutsch. VII. Bd., Aus Melanchthons Alltag,* M. Beyer, C. Domtera-Schleichardt, A. Kohnle und S. Rhein (Hrsg.), pp. 149–161, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Mundhenk, C., 2017, 'Leben', in G. Frank (Hrsg.), *Philipp Melanchthon: Der Reformator zwischen Glauben und Wissen. Ein Handbuch*, pp. 25–42, Walter de Gruyter, Berlin.

Olbertz, J-H., 2010, 'Melanchthon und die Bildung', in *Philipp Melanchthon: „Grenzüberschreitungen" Lebenskreise eines Reformators*, *Wittenberger Sonntagsvorlesungen*, Evangelisches Predigerseminar (Hrsg.), pp. 73–83, Drei Kastanien Verlag, Wittenberg.

Sander, W., 2024, 'Die Bildung des Menschen und der Beitrag des Christentums', in Kleinschmidt, S., Friedemann, R. & Seidel, T. (Hrsg.), *Bild der Welt und Geist der Zeit: Dem Zerfall von Kirche und Gesellschaft begegnen,* pp. 109–130, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Scheible, H., 2016, *Melanchthon: Vermittler der Reformation; Eine Biographie*, C.H. Beck, München.

Van Wyk, I.W.C., 2022, Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie, in HTS Religion & Society Series, Vol 12, AOSIS Books, Cape Town.

Weidhas, A., 2024, 'Was den Menschen zum Menschen machen', in Kleinschmidt, S., Friedemann, R. & Seidel, T. (Hrsg.), *Bild der Welt und Geist der Zeit: Dem Zerfall von Kirche und Gesellschaft begegnen,* pp. 81–108, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Wriedt, M., 2017, 'Bildung, Schule und Universität', in G. Frank (Hrsg.), *Philipp Melanchthon: Der Reformator zwischen Glauben und Wissen. Ein Handbuch*, pp. 141–154, Walter de Gruyter, Berlin.